NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 16 – Uitgawe 7
16 Maart 2023

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Boomplantdag – 'n teken van hoop

**My oupa het altyd gesê dat die beste definisie van kultuur is om die gras wat die liewe Heer geplant het, uit te haal en ander gras te plant. Dieselfde kan waarskynlik gesê word van 'n boomplantdag in die Marico Bosveld. Met haar oorvloed van bome en ruigtes kan die vraag gevra word: Waarom 'n boomplantdag? En waarom juis op 'n gemeente se honderd-jaar-fees?**


Die antwoord is dat enige kultuuraksie, of dit nou skilder of digkuns is, of ja, selfs om 'n boom te plant, nie vir jouself is nie, maar vir almal om jou. Vir almal wat dit bewonder en emosioneel daarby betrokke raak. Maar 'n kultuuraksie is bowenal vir die toekomstige geslagte. Daarom dat Gemeente Groot Marico besluit het om op 21 Januarie 2023 'n boomplantdag te hou waar tien witolienhoutbome geplant is. 'n Boom vir elke dekade van die gemeente se bestaan. Tien dekades van die Here se sorg en liefde. 'n Honderd jaar waarin die Here regeer het oor sy Kerk.

'n Honderd-jaar-fees kan egter nie net gaan oor die verlede nie. Dit moet ook vir ons iets sê oor die toekoms. Daarom dat 'n boomplantdag so gepas is. Want om 'n boom te plant waaronder jy nie beplan om te sit nie, is by uitstek toekomsgerig. Dit sê: Die Here het ons tot hier gebring, maar dit is nie hier waar ons verhaal gaan eindig nie. Nee, wanneer ons kinders se kinders onder die bome sit, dan sal die gemeente steeds hier wees, besig om die Here se werk te doen.

'n Boomplantdag word dus op sy beste beskryf as 'n teken van hoop. Hoop vir die toekoms. Hoop dat die gemeente van krag tot krag sal gaan, net soos daardie bome wat groei, en blom, en vrugte dra. 'n Hoop wat nooit beskaam nie, want ons weet dat die Here van ons verlede ook die Here van ons toekoms is.

Die boomplantdag was egter net die begin van ons feesjaar. Ons is so bevoorreg dat ons kerkgebou self vanjaar 80 jaar oud is. 'n Kerkgebou wat in 1943, te midde van oorlogstyd en die gepaardgaande tekorte, grootliks gebou is van boumateriaal wat teen groot persoonlike opoffering deur lidmate self geproduseer is. Hierdie geleentheid gaan vanjaar ook op 'n gepaste manier herdenk word.

Ons feesjaar bereik sy hoogtepunt op 6 Augustus wanneer ons met Nagmaal God se liefde en sorg sal vier. Daar sal ook 'n monument onthul word. Die monument, wat ook gaan dien as 'n gedenkmuur met plek vir nissies om as in te plaas, gaan gebou word in die vorm van 'n alfa en 'n omega, juis om te simboliseer hoe God van die begin tot die einde by die gemeente is en sal wees. Op die gedenkmuur sal daar dan 'n gedenksteen en 'n ewigheidskluis aangebring word om kosbare skatte uit die gemeente se geskiedenis te verewig.




Vir enige navrae oor die feesvieringe of die gedenkmuur, kan ek by 082 466 5516 gekontak word, of die skriba, oudl Ria Pretorius, by 082 944 0210.

**Ds Willem Dreyer, Groot Marico**

# Lief en leed


Prof Andries van Aarde

- **Prof AG (Andries) van Aarde** (emeritus) laat weet soos volg: "My eerste operasie was 7 Maart 2023 vir 'n totale regterknievervanging, en na herstel hiervan sal neurochirurgiese operasies volg wat verband hou met die limbale aftakking (*shunt*), wat neerkom op onder andere die verwydering van benigde uitgroeisels aan die werwelkolom en die moontlike 'hernuwing' van die vorige peritoneale omleiding as gevolg van die steeds bestaande hidrokefalie wat in 2005 tot vervroegde mediese emeritaat gelei het. Dit is ook moontlik dat linkerknieskyfvervanging en heupvervanging daarna sal moet volg. My werk as hoofredakteur van *HTS* en as hoof- opdraggewende redakteur van AOSIS Scholarly Books (SA se grootse akademiese uitgewery) sal gedurende hierdie tye met operasionele aanpassing voortgaan." Ons wens hom spoedige beterskap toe, en verligting van die pyn wat hy tans ervaar.

- "Op Sondag 12 Maart 2023 om 12:00 is **ds PW (Waldo) Pretorius** in die indrukwekkende kerkgebou in **Ventersdorp** bevestig en het hy sy intreepreek gelewer. Wanneer 'n mens die verwaarloosde Noordwes-dorp binnery, is die netjiese terrein van die Hervormde Kerk soos 'n oase. Dit is duidelik dat Gemeente Ventersdorp trots is op hul imposante historiese kerkgebou uit 1912 (een van net 'n handjievol Hervormde kerkgeboue ouer as 'n eeu). Nadat jy die eerste keer binne-in die kerkruimte kom, vergeet jy nie ligtelik weer die atmosfeer met sy groot interieur sonder pilare, die besondere preekstoel en orrel, en ander elemente wat dié klassieke gebou kenmerk nie. Dit is nou maar so van eerste indrukke en besondere geboue.



  Ds Pretorius is bevestig deur sy eggenote, **ds RC (Marina) Kok-Pretorius** van Potchefstroom. Daarna het hy sy intrede gedoen met 'n teks uit 2 Konings 22 en 23, wat handel oor die hervorminge tydens die regering van koning Josia. Die tema van die preek was *Herontdek, hervorm, herleef*. Hierop het die gebruiklike lang lys van sprekers en gelukwensinge gevolg, onder andere uit die ring van Zeerust. Noemenswaardig is dat **ds WJJ (Willem) Kok** van Potchefstroom sy skoonseun ook kon toespreek en die ooglopende bande tussen Ventersdorp en Potchefstroom verstewig." (Nándor Sarkady)


Ds Etienne Fourie

- **Ds EG (Etienne) Fourie** se emeritaataanvaarding vind plaas op Sondag 23 April 2023 om 09:00 by Gemeente Kempten, hv Blouborsie- en Lorethastraat, Van Riebeeckpark.

- **Ds AJ (Attie) Hattingh** se 25-jaar-ampsjubileum vind plaas op Sondag 23 April 2023 by Gemeente Krugersdorp-Noord, hv President- en Krugerstraat, Krugersdorp-Noord. Die tyd is nog nie bevestig nie, maar dit sal so wees dat ander kollegas dit na hul eredienste ook sal kan bywoon.


Ds Attie Hattingh

- **Die volgende predikante verjaar tot 24 Maart, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 16 Maart: Di GS (Gerrie) Botha sr (64) (emeritus) en AC (Arie) Kuyper (69) (emeritus)
  - Vrydag 17 Maart: Dr DJC (Daan) van Wyk sr (83) (emeritus)
  - Saterdag 18 Maart: Di P de K (Pieter) Furstenberg (48) (Richardsbaai), RTI (Robby) Pienaar (67) (emeritus) en G (Gerrit-Daan) van der Merwe (38) (Strand)
  - Maandag 20 Maart: Di JS (Hannelie) Botha (57) (beroepafwagtend) en PA (André) Harmzen (44) (Swartkop/buiteland)
  - Donderdag 23 Maart: Ds FB (Bernie) Sneygans (61) (Hartebeestpoort)
  - Vrydag 24 Maart: Ds JM (Janine) Bevolo-Manders (52) (Witfontein/Rustenburg-Tuine)

# Gemeentes en bediening



Dr Gafie van Wyk



Ds Rudi Rust

- **Dr GMJ (Gafie) van Wyk** van Kaapstad aanvaar op 31 Augustus 2023 emeritaat.

- In die 2023 Almanak word aangedui dat **ds RJ (Rudi) Rust** leraar in **Gemeente Vanderbijlpark-Oos** is (bladsy 51). Hy is egter ook leraar in **Vaalpark** (bladsy 54).




- **Gemeente Noordelike Pretoria**, tweede oudste Nederduitsch Hervormde Gemeente in Pretoria, se **eiendom** by 12de Laan 512, Gezina, **is verkoop**. Die gemeente wil graag die **preekstoel** aan 'n gemeente van ons Kerk **skenk**. Die laaste preek van ds Robert van Niekerk op die preekstoel het op Sondag 5 Maart 2023 plaasgevind. Indien 'n gemeente van ons Kerk daarin belangstel, kan hulle met ds Robert van Niekerk by 082 929 5677, of oudl Gerrit de Vries by 082 719 4393 skakel, of by **gert-bes@lantic.net** meer inligting bekom.






- **Gemeente Naboomspruit: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur na **nedhervkerknbs@gmail.com** of Marlene kontak by 014 743 1325 tydens kantoorure (08:00-13:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is op die hoek van Vyfdelaan en Nelson Mandelarylaan in Naboomspruit.

- **Gemeente Losberg** is in Mei 1925 gestig. Oor twee jaar is die gemeente 100 jaar oud. Al die predikante wat nog met ons is, asook gemeentelede wat sedert 1925 by die gemeente betrokke was, word vriendelik versoek om enige inligting, foto's, staaltjies en gebeure waaroor hulle beskik, te stuur aan Frikkie Boshoff per e-pos (**frikkiesan@gmail.com**). Baie dankie by voorbaat!

- **WERKRUIMTE VIR VOLTYDSE BEDIENING: GEMEENTE SWELLENDAM**

  Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om die werkruimte te vul ná die emeritaatsaanvaarding van die huidige predikant op 30 Junie 2023.

  **Gemeente:** Die gemeente dink met ’n Kopspiritualiteit oor Kerk, maar funksioneer in hulself met ’n Hart- en-Hand-spiritualiteit. Die gemeente is gereed vir groei en sal veral wil fokus op ’n herontdekking van hul roeping. Die gemeente is 65 jaar oud. Die gemiddelde ouderdom van die gemeente se 190 belydende lidmate en 16 dooplidmate is 57 jaar. Dit is ’n pastorale gemeente.

  Die gemeente het kerkgeboue in Swellendam en Bredasdorp en daar word elke Sondag op albei plekke ’n erediens gehou. Die pastorie is in Swellendam. Die lidmate woon in 14 verskillende dorpe, daarom is kontak met die lidmate en huisbesoek baie belangrik. Pligte soos in die Kerkorde moet uitgevoer word.

  Die riglyne vir die versorging soos voorgestel deur die Sinodale Dienssentrum word gevolg. Die gemeente kan die predikant tans vergoed tot op die sinodale riglyne vir ’n predikant met 9-10 jaar diens. Enige predikant met meer diensjare, wat vir ’n versorging tot op 10 jaar kan begin werk, is welkom om aansoek te doen.

  **Leraarsprofiel:** Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente baie belangrik.

  **Aansoeke sluit op 27 Maart 2023.** Aansoeke moet vergesel wees van ’n CV wat ’n kort verslag van die afgelope drie jaar se VBO-krediete insluit. Dit moet gestuur word aan die skriba by **nhkswellendam@gmail.com**. Enige ander navrae kan aan dieselfde adres gerig word. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie.

- **WERKRUIMTE: SAMEWERKENDE GEMEENTES LOUIS TRICHARDT, ZOUTPANSBERG EN VAN WARMELO**

  Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul.

  **Gemeenteprofiel:** Die samewerkende gemeentes is Louis Trichardt en Zoutpansberg te Louis Trichardt tesame met Van Warmelo te Alldays. Die drie gemeentes is binne die ring van Noordelike Bosveld. Die Louis Trichardt-gemeentes het ’n gesamentlike sieletal van ongeveer 80, terwyl Van Warmelo ’n sieletal van ongeveer 68 het. Die gemeentes het trauma beleef na die skeuring wat in die NHKA plaasgevind het. Predikante wat belangstel, moet kennis neem dat daar, in samewerking met die kerkrade, uitdagings sal wees om weer vertroue en samehorigheid in die gemeentes te vestig.

  **Versorging:** Die intreeskale van die Kerk is gebruik as riglyn vir die samestelling van die versorging wat insluit subsidie vir behuising, reiskoste, pensioen en medies.

  **Aansoeke: Aansoeke sluit op 31 Maart 2023** en moet vergesel wees van ’n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van twee referente insluit. Aansoeke word gestuur aan die skriba van die samewerkende gemeentes, oudl DJ (Dirk) Harmse (**djharmse@gmail.com**).

  **Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

  Die kerkrade behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot en mag self ander kandidate nader. Indien nodig, sal die pos weer geadverteer word.

  Vir enige navrae, kontak oudl Dirk Harmse by 082 921 0477.

## Vergaderings

- Donderdag 16 Maart: Rata Finkom
- Woensdag 22 Maart: Rata Raadsvergadering


## Kerklike publikasies




- In die **Maart 2023-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** vertel **ds Hannelie Botha** in haar redaksionele artikel *Rosie* van haar belewenis met 'n hawelose vrou. **Ds Carel Johann de Bruin** brei uit in sy opvolgartikel *Die kanselkleed (Deel 2)* oor Gemeente Wonderboompoort se unieke kanselkleedstorie. **Ds Hannelie Botha** en 'n paar medewerkers verduidelik in *Pantone 18-1750* wat die kleur van 2023, Viva Magenta, so besonders maak. **Wilna Koekemoer,** sekretaris van die NHSV Hoofbestuur, het die laaste sê met die **Amptelike oproep na die 49ste Nasionale NHSV Kongres** en sy deel al die inligting wat nodig is vir vrouelidmate om deel te wees van hierdie wonderlike ervaring! Volg die skakel na ons NHSV publikasies **https://nhsv.org.za/publikasies/**.




- Hierdie Gedenkalbum het in 2017 verskyn onder redakteurskap van dr Wian Kloppers. Dit was maar die **tweede gedenkalbum van hierdie omvang** in die geskiedenis van die NHKA. Bestel dié pragboek teen 50%-afslag – nou net R150 (versending uitgesluit) – van mev Sarie Roux by **boekwinkel@nhk.co.za**.




- Die NHKA se ***Almanak 2023*** is uitverkoop. Daar is egter nog verskeie eksemplare van *Almanak 2022* beskikbaar, nou teen **R90 elk (versending uitgesluit)**. Hoewel van die besonderhede natuurlik verander het, is die *Almanak*-inligting nog grootliks bruikbaar. Die tekste in die ***Bybelse Dagboek*** is steeds opbouend en kan vir lesers inspirasie en hoop bring, al het die datums en kerklike feesdae intussen aangeskuif. Bestel by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za.**

- Ons nooi graag die NHKA se predikante om **preke (sonder liturgie) te stuur** na **annelie.botha@up.ac.za** vir plasing op die Kerk se webblad by **https://nhka.org/die-woord/preke/**.

## Allegaartjie

"As dosent was ek geweldig geïnteresseerd in die groot gaping tussen studente wat leesvaardig is en met boeke in die huis grootgeword het, en dié wat om watter rede ook al daarsonder moes klaarkom. Dieselfde ding het my opgeval op die vele skoolbesoeke wat ek oor die jare met NB-Uitgewers onderneem het: As die ouers nie lees nie, is die kans baie skraal dat die kind sal lief wees vir lees. Leesvaardigheid klink dalk na 'n vreeslik snobistiese ding in 'n era waarin almal aan hulle skerms gekluister is, maar ek beskou dit regtig as 'n soort armoede of agtergeblewenheid as jy grootword in 'n huis sonder boeke. Ek skiet glad nie die tegnologie af nie – dit is vir my self baie lekker om in die Instagram *rabbit hole* te verdwyn, maar nou moet ek daarop fokus om lekker boeke te skryf wat die ouers aan die lees kry sodat hulle kinders

hopelik kan lees! ... Hoe het dit gebeur dat 17 miljoen mense in hierdie land glo Afrikaans kan praat, maar boekoplae word deesdae beperk tot tussen 1 000 en 2 000 eksemplare? Waar is die Afrikaanse lesers heen?" (Elizabeth Wasserman, kinderboekskrywer en nou romanskrywer, en voormalige patoloog en kliniese mikrobioloog, in *Rapport Weekliks*, 12 Maart 2023)

## Argiefsake

### NG Kerk Vrystaat se Argief – ons gawe bure






Op 7 Maart het die Kerkargivaris, **mnr Nándor Sarkady**, 'n werksbesoek aan ons buurargief in Bloemfontein gebring. Die NG Kerk Vrystaat se omvang en ouderdom is soortgelyk aan die Hervormde Kerk se Argief. Daarom is daar altyd baie raakpunte en gesprekstof. Sedert die ou Transvaalse NG Kerkargief al talle jare onderdak by die NG Kerkargief Stellenbosch het, is die argief in Bloemfontein en Pretoria regtig bure.

Die besoek het saamgeval met 'n vergadering van die Vrystaatse NG Kerk Argiefkomitee onder leiding van ds Jan Lubbe, Moderator van die Vrystaatse Sinode, en ons argivaris is genooi om daarby aan te sluit. So kon hulle as vakkundiges op die hoogte kom van mekaar se uitdagings en vreugdes. Daar is sinvol gedagtes gewissel oor argiefprojekte, die aanwinsbeleid van versamelings, digiteringsideale en ons onderskeie biblioteekversamelings. Saam het albei argiewe in die laaste jare 'n nuwe en kleiner onderdak gekry, en gepaste studieruimtes bly 'n uitdaging. Die NG Kerk Vrystaat se argief vorm deel van die sinodale kantore op één terrein, waar mnr Sarkady ons Hervormde Bloemfonteinse predikant, dr Johan Nel, ook raakgeloop het. Wys net hoe heg die sinodale bande is!

Daar is nie tans 'n voltydse argivaris in Bloemfontein nie, maar navrae en sekere werksaamhede vir navorsers word deur mev Helena Smit hanteer. Dit was ook leersaam om die nuwe webwerf wat die Vrystaatse kerk amper aanlyn het, te hoor en te sien, en te hoor hoe goed die verhoudinge met die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) en ander bewaringsliggame is. Die Vrystaat fokus reeds op die 90-jarige herdenking van die Bybel in Afrikaans later hierdie jaar. Daar was ook 'n klein Bybeltentoonstelling by die Argiefkomiteevergadering.

## SP Engelbrecht-museum



Die **SPE-museum en Gemeente Wonderboompoort** (waar die Museum in 'n 1905-kerkie geleë is) **benodig borge** vir gewone wit verf om die geboutjie te verf. Die gebou van die NHKA se Kerkmuseum ondergaan tans restourasie: elektriese werk, dak en geute is geverf, en tans word die vensters se stopverf vervang en die rame geverf. Nou moet die mure geverf kom. Ons kort ook wit Micatex-verf, 16 x 20 liter, asook onderlaagbeskerming teen vog in die 1905-kerkie. Ons benodig ook arbeiders en stellasies. Ons reken ons benodig ongeveer R50 000, vir deure en veiligheidshekke ook. Kan iemand moontlik help met 'n donasie? Kontak ds Carel Johann de Bruin by **careljohann@gmail.com** of 082 733 3951.

# ’n Gedig

**Geluk**

Jy kan jou terugtrek
in die binnekamer van die verlede
en jou koester in die lampligstrale
van gister se mooi dinge
of die pyn van seermaakdinge wek
deur ou wonde aan te raak

of jy kan buite
in die son gaan loop
op voorwaarde dat jy weet
hy skyn soos wat hy skyn
al na gelang van die seisoen
en sy daaglikse elementale samespel
met wolke en met wind;
sy gedempte glans of verblindende gloed
is buite jou beheer net soos die liefde,
maar getrou aan sy wesensaard
is wat hy altyd gee warmte en lig.

**Lina Spies**
(Uit: *Tydelose gety*, 2010)


Annami McClintock

# Studentesake

- Die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** is, soos die tweede deel van die naam aandui, ’n vergadering van teologiestudente wat op ’n gereelde basis byeenkom. Deur die jare het Van der Hoff die plek van heenkome en tuiskoms geword. Dié plek waar studente mekaar beter kon leer ken en besondere bande met mekaar kon smee. Daar het ook gevestigde tradisies ontstaan soos wat onder andere **Dinsdagaand 7 Maart 2023** plaasgevind het – ’n **installasievergadering** wat die eerste vergadering van die jaar is, waar ’n formele opening plaasvind (gelei deur die studente se voog, prof Wim Dreyer), eerstejaars verwelkom word, en ’n gemeenskaplike beker (met wyn) omgestuur word met die volgende woorde: *Ek drink en ek oorhandig aan...* Dit alles om die besondere band tussen mede- Hervormde studente en dosente te smee en te versterk.

  Die praeses is **Annami McClintock**, wat besig is met haar finalejaarstudies en praktiese werk by Gemeente Midstream. Die abactus is **Tanya Maartens**; die assessor is **Annia van Deventer**; en die fiscus is **Drian Cockeran**. Laasgenoemde drie is vyfdejaars.

  Van der Hoff Teologiese Vereniging is die oudste studentevereniging op die kampus van die Universiteit van Pretoria, en is **volgende jaar (2024) 100 jaar** oud. Die studente beplan reeds om besondere aandag aan die eeufees te gee.


Tanya Maartens


Annia van Deventer

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.


Drian Cockeran

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Toerusting

- **Stasies van die kruis by NHKA Centurion-Oos,** Napierweg 103, Lyttelton. Die stasies van die kruis bied ons die geleentheid om in ons eie leefwêreld ’n pelgrimstog te onderneem en in die gees die krag van die Pase te beleef. Jy is welkom om dit saam te kom beleef **op jou eie tyd**. Dit sal sinvol wees om ’n uur of meer opsy te sit om deur die stasies te beweeg. Daar is ’n handleiding by die begin van die stasies. Donasies welkom, of niebederfbare voedsel.

    - Maandag 3 April: 09:00-12:00; 16:00-20:00
    - Dinsdag 4 April: 09:00-12:00
    - Woensdag 5 April: 09:00-12:00; 16:00-20:00
    - Donderdag 6 April: 09:00-12:00; 16:00-18:30
    - Vrydag 7 April: 10:30-13:00
    - Saterdag 8 April: 10:00-13:00

- **Mentorskap-opleiding.** Op **24 en 25 April 2023** van 09:00 tot 16:00 vind ’n gratis aanlyn toerustingsgeleentheid vir predikante plaas. Dit is vir die Kerk belangrik om te belê in die opleiding, groei, ondersteuning en begeleiding van predikante. Alle belangstellendes is welkom. Kontak ds Lisa-Mari Prinsloo by **lisamari.swanepoel@gmail.com** om jou plek te bespreek.

- **Die Dameskring** is ’n Christelike organisasie wat die belangrikheid van kerngesonde gesinne verstaan. Die beste manier om te begin bou aan gesonde gesinne, is op ons knieë. Sedert 2019 word ’n **Biddag vir Gesinne** jaarliks aangebied as een van die nasionale projekte van Die Dameskring. Hulle sou graag die Christengemeenskap in Suid-Afrika wou inspireer om weer in 2023 saam te kom om by ’n spesiale geleentheid te bid vir kerngesonde gesinne wat geestelike en morele waardes uitleef. Hulle droom daarvan dat hierdie geleentheid jaarliks deel van gemeentekalenders sal word. Die Biddag vir Gesinne, geïnisieer deur die uitvoerende bestuur van Die Dameskring, vind plaas op **14 Mei 2023**. Op 14 Mei wil hulle saam met gesinne kniel om te bid vir eie gesinne, vir die herstel van gesinswaardes, vir heling van gebroke gesinne, dat God ons kinders met wysheid sal seën om in uitdagende tye goeie besluite te neem, en vir die bewaring van die huwelik. Besoek **www.dameskring.co.za** vir meer oor Die Dameskring.

- Die **ATKV** bied verskeie **geestelike retraites** aan, by Buffelspoort en in die Kaap by Goudini Spa. Kontak ds Gys van Schoor by **gysvs@iafrica.com** vir meer inligting oor kursusfooie en beskikbaarheid. Besprekings by 014 572 1000 of **buffelspoort@atkv.org.za** (Buffelspoort) en 023 349 8181 of **konfgo@atkv.org.za** (Goudini).
  **Buffelspoort – naweek van spirituele vorming**
    - 5-7 Mei 2023
    - 21-23 Julie 2023
    - 13-15 Oktober 2023

## Barmhartigheid

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.
  Semiversorgend: R6 180
  Verswakte bejaardes: R6 720
  **Woonstelle (selfversorgend)**
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830
  Eenslaapkamer: R4 500
  Tweeslaapkamer: R6 070
  Kontak ons bestuurder vir enige navrae
  Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 **manager@belfastrusoord.co.za**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## Fondsinsamelings

- **Benoryn Familiekerk bied aan:**
  **Frank Opperman: *Ek wens ek wens...***
  Teks en regie: Phillip Rademeyer
  Na die roman deur Zirk van den Berg
  **Saterdag 22 April 2023 om 19:00**
  Venue: Hoërskool Brandwag
  **R150**
  Navrae: Corne 083 391 1368

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Genadige Vader,
ek weet dat ek met u hulp
my hart ten volle kan oopstel
vir die geheimenisse van u Seun se lyding en dood.
Help my om nederig te wees op hierdie reis,
en om te onthou dat enige deernis en medelye
wat ek mag voel vir u lyding,
en vir die lyding van ander,
'n geskenk uit u hand is.
Ek wag geduldig maar verlangend
op die vreugde van u Seun se opstanding.

onlineministries.creighton.edu/CollaborativeMinistry/Lent/Daily-prayers-03.html

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk